Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BSc Verlengde program - Fisiese Wetenskappe (02130015)

Duur van studie	4 jaar
Totale krediete	136

Toelatingsvereistes

Kandidate wat nie aan die minimum toelatingsvereistes van die programme in die Departement Fisiese Wetenskappe voldoen nie, mag oorweeg word vir toelating tot die BSc – Verlengde program vir die Fisiese Wetenskappe. Die BSc – Verlengde program vind plaas oor ‘n periode van vier jaar in plaas van die normale drie jaar.

BSc – Verlengde program vir die Fisiese Wetenskappe:

Minimum vereistes vir 2017													
Prestasievlak													
	Afrikaans of Engels				**Wiskunde**				**Fisiese Wetenskap**				**TPT**
	NSC/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	NSC/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	NSC/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	
BSc – Verlengde program vir die Fisiese Wetenskappe	4	3	D	D	4	3	D	D	4	3	D	D	26

Addisionele vereistes

a. Studente wat toegelaat word tot een van die BSc-Verlengde programme, registreer vir ’n spesifieke Vierjaarprogram. Drie verlengde programme word aangebied:

- BSc (Vierjaarprogram) – Wiskundige Wetenskappe
- BSc (Vierjaarprogram) – Biologiese en Landbouwetenskappe
- BSc (Vierjaarprogram) – Fisiese Wetenskappe

b. Hierdie programme word gevolg deur studente wat as gevolg van besondere omstandighede by ’n verlengde studieprogram baat sal vind.

c. Studente wat nie aan die normale toelatingsvereistes vir ’n driejaar BSc-graad in die Fakulteit Natuur-en Landbouwetenskappe voldoen nie, kan nogtans toelating verkry deur in een van die BSc-vierjaarprogramme geplaas te word. In algemene terme beteken die BSc (Vierjaarprogram) dat die eerste studiejaar in Wiskunde, Fisika, Biologie en Chemie verleng word en twee jaar duur. Na suksesvolle voltooiing van die BSc (Vierjaarprogram), skakel studente by die tweede jaar van een van die normale BSc-programme in tot voltooiing van die graad. Die moontlikheid om na een of twee jaar in die Vierjaarprogram na ’n ander fakulteit soos Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie, Veeartsenykunde of Gesondheidswetenskappe oor te skakel bestaan vir verdienstelike gevalle, onderhewig aan keuring en die bepaalde voorwaardes wat

die ander fakulteite mag stel.

d. Studente wat een van die Vierjaarprogramme wil volg, moet ’n Institusionele Vaardigheidstoets aflê en word deur ’n keurkomitee vir toelating oorweeg. Besonderhede is by die Kliëntedienssentrum beskikbaar.
e. Aansoeke om toelating tot die BSc (Vierjaarprogram) word jaarliks voor 30 September ingedien. Besonderhede is by die Studenteadministrasie: Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe beskikbaar.
f. Reëls en regulasies van toepassing op die normale studieprogramme is mutatis mutandis van toepassing op die BSc (Vierjaarprogram), met die uitsonderings soos aangedui in die regulasies van die BSc (Vierjaarprogram). Onder andere moet studente in die Vierjaarprogramme oor ’n Nasionale Senior Sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes beskik.
g. Aansoeke vir die Vierjaarprogramme word jaarliks deur ’n toelatingskomitee oorweeg. Studente wat aanvaar word vir studie in die Vierjaarprogramme word individueel, betreffende vakkeuses, deur die toelatingskomitee geplaas volgens hulle voornemende studierigting. Studente mag nie sonder toestemming van die Voorsitter van die toelatingskomitee hierdie plasing verander nie.

Ander programspesifieke inligting

Die Dekaan kan, op aanbeveling van die programbestuurder, afwykings in die studieprogram goedkeur. Let wel: Waar keusemodules nie spesifiek aangedui word nie, kan enige van die modules wat in die alfabetiese lys van modules voorkom, gekies word. Die onus rus op die studente om voor registrasie seker te maak dat hulle aan die voorvereistes van die modules voldoen Voorvereistes word in die alfabeties modulelys gelys.

Bevordering tot volgende studiejaar

Akademiese bevorderingsvereistes

Dit word van studente wat vir die eerste jaar van die BSc (Vierjaarprogram) registreer is, verwag om alle voorgeskrewe modules van die eerste jaar van die program te slaag.
Dit word van studente wat vir die BSc (Vierjaarprogram) toegelaat is, verwag om 'n volledige ooreenstemmende BSc eerste jaar binne twee jaar van registrasie te voltooi.
Studente wat nie vordering tydens die eerste semester van die eerste jaar toon nie, sal na die toelatingskomitee van die Fakulteit verwys word.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 88

Minimum krediete:

Fundamenteel = 24

Kern = 48

Keuse = 16

Addisionele inligting:

Studente registreer vir een van die volgende keuse kombinasies

- Eerste semester MLB 133 en WST 133, tweede semester MLB 143 en WST 143

NB: Studente mag slegs een maal vir 'n verlengde program module

Fundamentele modules

Taal-, lewens- en studievaardigheid 143 (LST 143) - Krediete: 8.00
Taal-, lewens- en studievaardigheid 133 (LST 133) - Krediete: 8.00
Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111) - Krediete: 4.00
Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121) - Krediete: 4.00
Academic orientation 120 (UPO 120) - Krediete: 0.00

Kernmodules

Precalculus 133 (WTW 133) - Krediete: 8.00
Chemie 133 (CMY 133) - Krediete: 8.00
Calculus 143 (WTW 143) - Krediete: 8.00
Fisika 143 (PHY 143) - Krediete: 8.00
Chemie 143 (CMY 143) - Krediete: 8.00
Fisika 133 (PHY 133) - Krediete: 8.00

Keusemodules

Wiskundige statistiek 143 (WST 143) - Krediete: 8.00
Wiskundige statistiek 133 (WST 133) - Krediete: 8.00
Molekulêre en selbiologie 143 (MLB 143) - Krediete: 8.00
Molekulêre en selbiologie 133 (MLB 133) - Krediete: 8.00

Kurrikulum: Jaar 2

Minimum krediete: 24

Minimum krediete:

Kern = 24

Keuse = Volgens BSc program van keuse

Addisionele inligting:

Moontlike derde semeste keuse modules: MLB 153, WST 153

NB: Studente mag slegs een maal vir 'n verlengde program module

Met verwysing na die res van die derdesemestermodules (tweede jaar, eerste semester) en die tweede semester, moet voorgeskrewe modules uit die normale BSc-program van jou keuse geselekteer word.

Ekwivalente modules:

Chemie verlengde modules: CMY 133, CMY 143 en CMY 154: Gelystaande aan BSc module CMY 117

Molekulêre en selbiologie verlengde modules: MLB 133, MLB 143 en MLB 153: Gelykstaande aan BSc module MLB 111

Fisiese verlengde modules: PHY 133, PHY 143 en PHY 153: Gelykstaande aan BSc module PHY 114

Wiskundige verlengde modules: WTW 133, WTW 143 en WTW 153: Gelykstaande aan BSc module WTW 114

Wiskundige Statisiek verlengde modules: WST 133, WST 143 en WST 153: Gelykstaande aan BSc modules WST 111

Kernmodules

Chemie 154 (CMY 154) - Krediete: 8.00
Fisika 153 (PHY 153) - Krediete: 8.00
Calculus 153 (WTW 153) - Krediete: 8.00

Keusemodules

Wiskundige modellering 152 (WTW 152) - Krediete: 8.00
Suider-Afrikaanse geomorfologie 166 (GGY 166) - Krediete: 8.00
Kartografie 110 (GMC 110) - Krediete: 10.00
Biometrie 120 (BME 120) - Krediete: 16.00
Informatika 112 (INF 112) - Krediete: 10.00
Eerste kursus in fisika 124 (PHY 124) - Krediete: 16.00
Algemene chemie 127 (CMY 127) - Krediete: 16.00
Aspekte van menslike geografie 156 (GGY 156) - Krediete: 8.00
Informatika 164 (INF 164) - Krediete: 10.00
Inleiding tot geologie 155 (GLY 155) - Krediete: 16.00
Aardgeskiedenis 163 (GLY 163) - Krediete: 16.00
Informatika 171 (INF 171) - Krediete: 20.00
Verkenning van die heelal 154 (SCI 154) - Krediete: 16.00
Atmosferiese struktuur en prosesse 155 (WKD 155) - Krediete: 16.00
Numeriese analise 123 (WTW 123) - Krediete: 8.00
Inleiding tot omgewingswetenskappe 101 (ENV 101) - Krediete: 8.00

Informatika 154 (INF 154) - Krediete: 10.00
Molekulêre en selbiologie 153 (MLB 153) - Krediete: 8.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.